# PRAKTYKGERIGTE OPLEIDING VAN GESKIEDENISONDERWYSERS

*J.M.L. Horn*
*Universiteit Vista*

Uit my hoek, en dan veral op grond van my bemoeienis met en betrokkenheid by die opleiding van geskiedenisonderwysers, in die besonder vir die primêre skool, is daar 'n aantal aspekte wat na vore kom in die opleidingsprogram. Twee dimensies dwing hulle in hierdie verband na vore:

* verskeie opleidingsdoelwitte
* 'n fisiese toerustingspakket.

Hierdie dimensies word vervolgens kripties aan die orde gestel. Ek wil my verstout om te sê dat hierdie onderskeie sake tegelyk 'n spieëlbeeld kan wees aan die hand waarvan 'n opleidingsprogram geëvalueer kan word.

<u>Opleidingsdoelwitte</u>

Ten opsigte van dosente

* Die Departement Geskiedenis streef daarna om die beste Geskiedenisonderwysers op te lei.
* Hieruit vloei voort dat die dosente van die Departement Geskiedenis deeglik toegerus moet wees met *kennis, vaardighede* en *gesindhede* ten einde hul in staat te stel om hul opleidingsplig ten beste na te kom.
* 'n Onbevange, ope akademiese ingesteldheid - beide wat betref vakwetenskaplike en vakdidaktiese inhoud - is noodsaaklik.
* Nuwe kennis moet deur middel van eie studie en programme vir personeelopleiding opgedoen word.

Ten opsigte van studente

* Die studente moet onder leiding van die dosente hul opleiding so ervaar dat hulle inderdaad die beste Geskiedenisonderwysers kan word.
* Die studente moet genoegsame *kennis, vaardighede* en *gesindhede* hê ten einde hul in staat te stel om hul onderrig as 'n voorreg en 'n roeping te beskou, en nie as 'n plig nie.
* Studente moet hul opleiding so ervaar dat hulle besef dat hulle nie akademies en professioneel gesproke gearriveer het aan die einde van hul kursus nie. Ook hier is 'n onbevange, ope arbeidsingesteldheid die eindpunt.

Ten opsigte van leerinhoude

* Leerinhoude moet by die eise van die tyd aanpas.
* Leerinhoude moet die resultaat wees van ernstige besinning en diepgaande studie.
* Leerinhoude moet altyd in verband met die algemene opvoedingsdoelwit gesien word. Dit beteken dat die leerinhoude nie eindpunt in sigself is nie, maar 'n weg waarlangs na geestelike, verstandelike en kulturele volwassenheid beweeg word.
* Leerinhoude moet nie so geselekteer word dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n verskraalde seksionalisme weerspieël nie.
* Leerinhoude moet so geselekteer word dat die geskiedenis 'n helende eerder as verdelende funksie het.

Ten opsigte van onderrig

* Onderrig geskied uit en tot 'n kultuur. Daarom moet die dosent sy onderrigplig en die student sy leerplig so voltrek dat aan die eise, waardes en norme van die kultuurgroep waarvan hul lede is, voldoen word.

* Onderrig geskied in Suid-Afrika teen die agtergrond van die teenwoordigheid en bydraes van 'n ryke verskeidenheid van ander kulture. Studente, en dan uiteindelik leerlinge, moet begrip en waardering hiervoor openbaar.

* Onderrig moet so wees dat die totale lewe die lesinglokaal ingedra word. Die lesingwerklikheid moet daarom 'n weerspieëling van die Suid-Afrikaanse werklikheid wees.

* Onderrig moet volgens beproefde didaktiese beginsels geskied.

* Onderrig moet die student so aanspreek dat suksesvolle leer 'n vanselfsprekende uitkoms is.

* Onderrig moet terselfdertyd nie vir eksperimenterende benaderingswyses sku wees nie.

* Onderrig moet deurgaans op die praktyk afgespits wees.

Ten opsigte van praktiese onderwys

* Die gesamentlike opleidingsinsette van die dosent en student moet tydens die praktiese onderwysprogram aan werklike klaskamer en didaktiese situasies getoets word.

* Praktiese onderwys bied aan voornemende Geskiedenisonderwysers wyer ervaring as net die gee van bepaalde lesse en moet daarom as 'n aanvullende opleidingsmoment gesien en ervaar word.

* Om hieraan te voldoen, moet die dosent die student riglyne gee aan die hand waarvan werklik skoolomstandighede ondersoek en sy eie gemaak word.

* Die onderwyser moet dus vir die dosent, sowel as die student, 'n bondgenoot in die opleiding gemaak word.

<u>Die toerustingspakket van die student</u>

Aan die einde van sy kursus moet die student oor die volgende pasgemaakte inhoude beskik:

*Werkskemas*

Volledige werkskemas vir elk van standerds 2 tot 5 sal tot die beskikking van elke student wees. Sodanige skemas sal die volgende insluit:

- leerinhoude
- leerlingaktiwiteite (sien die 13 vaardighede hieronder)
- tentatiewe lesindelings
- evalueringsgeleenthede
- toepaslike bibliografiese besonderhede

*Lesvoorbereiding*

Genoegsame voorbeelde van verskillende lestipes (verhalend, vraag-en-antwoord, biografies, bespreking, ens.) vir elke standerd. Sodanige voorbeelde sluit in:

- lesgroet (lesinleidings)
- bordopsommings
- tuiswerkopdragte
- gedifferensieerde opdragte
- lesaanbiedingsvoorbeelde

LET WEL: Die verskillende vaardighede moet genoegsaam ingeoefen wees. Die vaardighede is: *taal en woordeskat, lees en naslaan, memorisering, bespreking en luister, eenvoudige reporduksie, selektering en rangskikking, skematisering, opsomming, beskrywing, verduideliking, vergelyking, kritiese evaluering en sintese.*

*Evaluering en eksaminering*

Voorsiening moet gemaak word vir evaluering- en eksamineringstegnieke en -style. Sodanige tegnieke en style moet met die 13 verskillende vaardighede verband hou. Die volgende is byvoorbeeld van belang:

- lang vrae: opsteltipe
  paragraaftipe
- kort vrae: meervoudige keusevrae
  voltooiingsitems
- begripstoetse
- vertolking van prentmateriaal
- vertolking van kaarte

*Die museum as onderrigmedium*

Studente sal na aanleiding van 'n besoek aan 'n museum werkopdragte ontvang en opstel van hoe om 'n museum opleidingsmatig by hul onderrig in te skakel.

*Media-integrering*

Die gebruik van media word ingeoefen en geskikte voorbeelde sal voorberei word. Die behels die doeltreffende inkorporering van:

- die skoolbiblioteek
- klankmateriaal
- beeldmateriaal.

*Differensiëring in Geskiedenis*

Deurgaans sal in die voorbereiding, aanbieding, aktualisering, funksionalisering en eksaminering van leerinhoude hieraan aandag gegee word. Die student moet ook hiervan genoegsame voorbeelde insluit nadat hy self voorbeelde hiervan voorberei het - gebaseer op doelgerigte leiding deur die dosent.

*Plaaslike geskiedenis*

Die geskiedenis van die omgewing - distrik, dorp, stad - as vertrekpunt vir die bekende moet beklemtoon word. By wyse van 'n taakopdrag, waarin voorbeelde van ondersoekterreine en -tegnieke vervat is, moet studente die belang hiervan begryp.

*Standerdbenaderings*

Die student moet kennis maak met die leefwêreld van die primêreskoolleerling ten einde sy aanbieding by dié "tipe" leerling aan te pas. Van groot belang hier is die leer-psigologie. Veral moet die studente voorbeelde hê van die st. 2-benadering as eiesoortige benadering. (Dit sluit nie die kenmerkende aanbiedingstyle en -voorbeelde vir die res van die primêre skool uit nie.)

*Die Geskiedenisklaskamer*

Die student sal volledig inligting en riglyne moet ontvang in verband met die inrig en voorkoms van 'n Geskiedenisklaskamer. Die skep van 'n historiese atmosfeer is uiters belangrik.

<u>Ten slotte</u>

Dit is baie belangrik dat opleiding nie vreemd en los van die werklikheid moet geskied nie. Inskakeling van teorie en praktyk is deurgaans noodsaaklik. Hiervoor is die volgende noodsaaklik:

* inkorporering van die didaktieklaboratorium
* lesaanbieding deur middel van mikro-onderrig
* optrede voor werklike klasse
* inoefening van tegnieke oor die breë spektrum van onderrig.